Vakature - NG Thaba Nchu-Tweespruit
Leraarspos - 3 Jaar termyn

Die kerkraad van Thaba Nchu-Tweespruit wag in afhanklikheid aansoeke in vir die onderstaande pos.

Gemeenteprofiel:
Hierdie Oos-Vrystaatse plattelandse gemeente het 88 belydende- en 28 dooplidmate. Die eredienste word weekliks tussen Thaba Nchu en Tweespruit roteer. Ons sien onsself as ‘n geloofsfamilie wat deur God geroep is om ‘n verskil in die multikuturele samelewing, waarvan ons deel is, te maak en tydens eredienste handhaaf ons ‘n informele en vernuwende styl met ‘n fokus op lofprysing en aanbidding. Onder leiding van die vorige leraar en met behulp van ‘n Jeugbedieningsgroep, het daar ‘n mooi kinderbediening onder die breër gemeenskap ontwikkel en ons sou wou sien dat hierdie bediening verder uitgebrei word. Gemeentelede bestaan uit boere, besigheidsgroepe en dorpenaars, met ‘n eweredige verspreiding van ouderdomme.

Leraarsprofiel:
- Iemand met ‘n lewende verhouding met God en wat geroepe voel vir die bediening in ons gemeente. Proponente, leraars, sowel as emeriti is welkom om aansoek te doen.
- Verhoudings is vir ons gemeente baie belangrik, daarom sal ons baie bly wees indien die leraar en sy/haar gesin dit sou oorweeg om hulle op Tweespruit te kom vestig en deel van die gemeenskap te word - ‘n behuisingstoelaag sal beskikbaar wees.

Vergoeding en voordele:
- Dit is nie ‘n voltydse pos nie, daarom sal die vergoeding, asook werksure onderhandel word.
- ‘n Gemeentevoertuig is vir amptelike gebruik beskikbaar.
- ‘n Behuisingstoelaag sal onderhandel word.

Aansoek:
- CV van hoogstens drie bladsye, wat ook ‘n motivering insluit waarom jy vir die pos aansoek doen, asook ‘n onlangse foto.
- Drie referente met kontakbesonderhede.
- Stuur die aansoek per e-pos aan: tntskerkkantoor@gmail.com en cc vir Orna Snyman by snymanorna1@gmail.com

Sluitingsdatum: Vrydag 30 Augustus 2019

Navrae: Telefonies by die Administratiewe beampte, mnr J Claassen by 051 963 0441 (k/u 08:00-15:00), of by 082 311 8015, of dr Danie Kleynhans (konsulent), by 083 305 2058.

Die kerkraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.